

19 April

Skrifgedeelte: Markus 10:17-31 (OAV)

Fokusgedeelte: Markus 10:31

Selfprysgawe en selfbehoud

Met die ryk jongman se gesindheid teenoor Jesus was daar niks fout nie. Inteendeel, as die hele volk maar soos hy Jesus erken het as die Leraar wat die Vader gestuur het. Daarom lees ons ook dat Jesus die jongman aankyk en liefkry en hom selfs roep om aan te sluit by die dissipelkring. In antwoord op die jongman se vraag oor wat hom te doen staan om die ewige lewe te beërwe, laat Jesus alle klem val op die tweede tafel van die Wet: Liefde teenoor die naaste. Maar dan is die eis om al sy goed te verkoop vir die jongman te veel. In plaas van trane van oorgawe gaan hy bedruk weg. Vir die eis wat Jesus stel, sien die jongman nie kans nie.

Ten diepste was sy probleem nie geleë in sy rykdom nie, maar in sy verkeerde vertroue daarop. Hierdie vertroue staan teenoor die vertroue op Jesus alleen. Só word toegang tot die koninkryk ten slotte onmoontlik – vir hom en vir elkeen wat nie bereid is tot selfverloënde vertroue op Jesus alleen nie. Net God maak dit moontlik, vir rykes en vir armes, om hulle vertroue op Jesus te vestig en Hom op die lydenspad te volg. Hiervan is die dissipels (wat alles agtergelaat het) die bewys.

En nou is die beklemmende woord in vers 31 die woord “baie”. Daar sal baie wees wat wel meen dat hulle ware volgelingen is, maar wanneer hulle voor die keuse te staan kom om alles te verloor ter wille van Christus en die koninkryk, gaan hulle keuse wees vir familie en besit. En ons? Sal ons keuse wees vir selfbehoud, die lewe van veiligheid en rykdom hier, of vir prysgawe van alles en vervolging ter wille van die Christus? Nie net eie kragte nie, nee. En tog, God kan dit in my en jou doen, want vir God is alles moontlik.

Sing: Psalm 4:3

Ds BC Smit (Brits-Wes)